

## Haggai – Herstel die tempel, want Ek is by julle

### Inleiding

Die tiende boek in die ry van Twaalf Kleiner Profete, Haggai, eggo daarom die boodskap van hoop in Sefanja wat vóór die ballingskap gelewer is met 'n boodskap van bemoediging aan die volk met die herbou van die tempel ná die ballingskap. Hy bemoedig die volk dat hulle kan volhard met hulle werk, want die Here het belowe dat Hy met hulle is. Hy sal dinge laat uitwerk as hulle net naby Hom bly en aan Hom gehoorsaam bly, presies dít wat Sefanja reeds in sy hfst. 3 belowe het.

Ons weet nie veel persoonlike detail van die profeet Haggai af nie, hoewel die boek Esra na hom en Sagaria, sy tydgenoot, verwys (Esra 5:1-2; 6:14). Die datum van Haggai se optrede is egter bekend en kan presies gedateer word. Die vier profesieë van sy boek is gelewer in 'n vier maande periode in 520 v.C., die tweede regeringsjaar van die Persiese koning Darius, as bemoediging aan die volk wat besig was om die tempel te herbou nadat hulle ongeveer 19 jaar gelede reeds teruggekeer het uit ballingskap. Hy help hulle dus om hulle prioriteite in lyn met God s'n te kry al het dit omtrent twee dekades geneem.

Let op dat die profesieë van sy boek telkens aan 'n spesifieke adres gerig is waarna soms ook die reaksies aangedui word. Al die belangrike rolspelers van die geloofsgemeenskap word aangespreek.

- Die eerste profesie was aan die twee leiers, die aangewese goewerneur van Juda, **Serubbabel**, en die hoëpriester **Jesua** gerig (1:1). Dit was bedoel om te verduidelik dat hulle slegte situasie aan hulle ongehoorsaamheid t.o.v. die herbou van die tempel **verbind** Almal, ook die volk, het begeesterd daarop gereageer.
- Die tweede profesie, 'n maand later, was steeds aan die **twee leiers**, sowel as aan almal wat van die **volk** oorgebly het, gerig (2:1). Dit was bedoel om hulle te **bemoedig** in hulle werk. Hulle reaksie is egter nie aangeteken nie.
- Die derde profesie, twee maande daarna, was gerig aan die **priesterkorps** (2:11). Dit word in die vorm van 'n gesprek tussen Haggai en die priesters aangebied, waarop die Here sy **belofte** van reiniging en seën aan hulle rig.
- Die vierde profesie, nog op dieselfde dag, was aan **Serubbabel**, die goewerneur, gerig om hom van God se omvattende beskerming vir hom as uitverkore seëlring te **oortuig** (2:22). Sy reaksie word nie aangetoon nie.

Gesamentlik dien die vier profesieë dus as bemoediging van die hele teruggekeerde geloofsgemeenskap van Juda om God hulle prioriteit te maak, soos Hy inderdaad dit met hulle gedoen het.

### Indeling

Die indeling van die perikope volg die struktuur van die vier profesieë met die reaksies daarop:

- **1:1-15 – God bemoedig die leiers om die bou van die tempel ‘n prioriteit te maak**
- **2:1-9 – God bemoedig almal om moed te hou, want Hy is by hulle**
- **2:10-19 – God bemoedig die priesters dat Hy die volk sal reinig en seën**
- **2:20-23 – God bemoedig Serubbabel dat Hy hom gekies het en sal beskerm**

Ons lees die twee hoofstukke as ‘n eenheid.

### **Haggai 1:1-15 – God bemoedig die leiers om die bou van die tempel ‘n prioriteit te maak**

Op 29 Augustus 520 v.C., die eerste dag van die sesde maand, die Joodse maan-maand Elul, 19 jaar ná die volk in 539 v.C. van Babel af teruggekeer het, kom die woord van die Here tot Haggai. Dit is bedoel vir die twee leiers van die volk, die goewerneur Serubbabel en die hoëpriester Jesua.

Dit is belangrik om te onthou dat die Jode dié tyd die fees van die nuwe maan gevier het. Hulle was dus nie te besig om aan die dinge van die Here aandag te gee nie, en sy woorde ter harte te neem nie.

Haggai bevraagteken die standpunt van die volk dat die bouwerk aan die tempel nie ‘n prioriteit is nie. Hy doen dit met ‘n vraag van die Here: *“Is dit nou die tyd vir julle om in pragtige huise te woon terwyl my huis in puin lê?”* Daarmee ontbloot God hulle verkeerde prioriteite wat tot gevolg het dat dinge ekonomies nie vir hulle wil vlot nie, al is hulle nou al amper twee dekades terug in die land: *“Julle is soos ‘n dagloner wat sy loon in ‘n stukkende beursie steek.”* Uitstekende metafoor wat die strawwe van die verbond uitbeeld (Deut. 28-30)!

Die Here stel dus onomwonde vir hulle die standaard, dít wat Jesus in die Bergrede eeue later ook sou beklemtoon. Dien die Here en sorg dat sy teenwoordigheid bo alles bewaar word in die geloofsgemeenskap. Dan sal hulle die sorg van die Here op alle terreine van die lewe ervaar: *“Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”* (Matt. 6:33).

Vir Haggai en sy mense was die fokus op die bou van die tempel, die fisiese simbool van God se teenwoordigheid in Jerusalem. Waar dít herstel sou word, dáár sou hulle die seën van die Here ook ekonomies en sosiaal ervaar, trouens: *“oor alles waarmee die mens hom besig hou.”*

Die effek van hierdie boodskap was dat die twee leiers moed geskep het en die volk gemotiveer het om die werk aan die tempel voort te sit en klaar te maak. Hoekom? Want

hulle het die woord van die Here “*ter harte geneem*”. Dit het die volk met soveel ontsag vervul dat hulle ongeveer drie weke later, op die 24ste dag van Ellul, die 21ste September 520 v.C., met die werk begin het. Hulle het dus hulleself in hierdie tyd gereed gekry vir die groot taak wat vir hulle gewag het.

### **Haggai 2:1-9 – God bemoedig almal om moed te hou, want Hy is by hulle**

Op 17 Oktober 520 v.C., die 21ste dag van die sewende maand, die Joodse maand Tishri, kom die woord van die Here weer tot Haggai. Dit is vier weke ná hulle met die werk begin het, waarin hulle waarskynlik die meeste van die tyd aan die opruim van die rommel van die vorige ruïnes spandeer het. Dit is ook aan die einde van die Loofhutte fees wat aan die einde van die oestyd gehou is. Hulle het dus weereens tyd gehad om op die Here te fokus ná al die harde werk tot dusver.

Weereens word die woord van die Here deur ‘n paar vrae ingelei, maar dié keer gerig aan al die mense: “*Wie van julle het gesien hoe mooi die vorige tempel was? Hoe lyk dié een vir julle? Lyk hy nie na niks in vergelyking met die vorige een nie?*” Die Here is dus baie bewus van die gesprekke wat onder die volk gevoer is en waarin die moedeloosheid wou-wou oorneem. God se plek sou nooit weer wees soos dit vroeër was nie. En onthou, Salomo se tempel, wat ironies genoeg ook in die sewende maand in gebruik geneem is (1 Kon. 8), was ‘n verstommende luukse gebou.

Die Here praat hulle deur sy profeet egter moed in: “*Begin met die werk, want Ek is by julle, sê die Here, die Almagtige.*” Die bouwerk kan en móét nou in alle erns begin.

Let op hoe die Here hulle met twee sleutelboodskappe bemoedig. Die eerste is ‘n **belofte** wat van altyd af vir hulle geld en ook nou in hulle lewe bevestig sal word: “*My Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie.*” Sagaria sou ‘n bietjie later hierby aansluit en vir Serubbabel met dieselfde woorde bemoedig: “*Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees.*” (Sag. 3:6).

Die tweede is ‘n **toekomsvisie** wat die bou van die tempel in ‘n heel ander en heerliker lig stel: “*Die roem van die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede ... op hierdie plek sal Ek vrede gee, sê die Here die Almagtige.*” Dié visie word in ‘n konteks van eskatologiese tekens beskryf – hemel en aarde, see en land bewe, nasies bring geskenke – wat die eindtyd wat met Jesus aangebreek het en met sy wederkoms voleindig sal word, in die visier van dié profesie bring.

Hoewel die volk van 520 v.C. dié visie beswaarlik volledig kon verstaan, het dit hulle bemoedig. Hulle is uitgenooi om hulle oë te vestig op wat kom, nie net op wat was met Salomo se tempel nie. God se Gees sou hulle na sy toekoms met hulle begelei. Watter bemoediging!

## **Haggai 2:10-19 – God bemoedig die priesters dat Hy die volk sal reinig en seën**

Op 18 Desember 520 v.C., die 24ste dag van die negende maand, die Joodse maand Kislev, kom die woord van die Here vir die derde keer na Haggai. Weereens kon hulle aandag gee aan die woorde van die profeet, want dit was die groeiseisoen waarin die boeregemeenskap nie te besig was nie.

Die fokus dié keer is op die bemoediging van die priesters. In 'n reeks vrae oor die kwessie van die reinheid al dan nie van die offers wat die volk bring, en waarop die priesters telkens antwoord, help Haggai hulle om te besef dat dit eintlik die volk is wat deur hulle ongehoorsaamheid aan die Here onrein is. Elke offer wat die volk na die tempel toe bring, is daarom eintlik onrein, al word die voorskrifte nougeset nagekom.

Omdat die volk egter gehoorsaam was aan die woord van die Here om die bouwerk aan die tempel 'n prioriteit te maak – die fundamente was dié dag voltooi – verklaar die Here die volk rein en hulle offers aanvaarbaar vir Hom. Hy sal die tye van droogte en pestilensies staak, omdat dit sy doel gedien het om hulle tot bekering te begelei. Daarby belowe die Here dat Hy van nou af hulle oeste sal seën – onthou dit is die groeiseisoen – en só hulle ekonomiese weerbaarheid sal herstel: *“van nou af sal Ek voorspoed gee.”*

## **Haggai 2:20-23 – God bemoedig Serubbabel dat Hy hom gekies het en sal beskerm**

Op dieselfde dag 18 Desember 520 v.C. kom die woord van die Here vir die vierde keer na Haggai. Hierdie keer is dit aan die goewerneur Serubbabel gerig om Hom nie net aan sy verkiesing deur God tot die leiersposisie te herinner nie – hy is God se seëlring, 'n kosbare draer van die volmag van God se gesag. Hy word ook verseker van God se beskerming op politiese en internasionale gebied. Die beskrywing dra soos in die tweede profesie 'n meer eskatologiese en kosmiese karakter wat op 'n groter toekomsvisie dui as net dít wat Serubbabel ervaar het.

### **Boodskap**

Die tempel is vier jaar later in 516 v.C. voltooi (vgl. Esra 6:15). Sonder hierdie oproep van die profeet Haggai sou dié werk egter nog jare onvoltooid gebly het, moontlik selfs nooit regtig van die grond af gekom het nie. Sy bemoediging gedurende hierdie belangrike vier maande tydperk van Augustus tot Desember in 520 v.C. het nie net die verhouding tussen die Here en sy volk herstel nie, maar die leiers – Serubbabal die goewerneur, Jesua die hoëpriester sowel as die gewone priesters – en die gewone lede van die volk geïnspireer om te begin leef as Godsvolk.

Daarmee was die stryd nog nie volledig gewen nie. Esra sou eers ongeveer 60 jaar later in 459 v.C. fokus op die verdere hervormings rondom die wet van die Here, en Nehemia meer

as 70 jaar later in 445 v.C. op die herbou van die stad Jerusalem. Sonder die herbou van die tempel in 520-516 v.C. sou hierdie ander hervormings rondom die wet en die stad nie moontlik wees nie.

Dit tref my hoe hierdie opdrag van Haggai aan die volk om die tempel te herbou vóórdat hulle aandag gee aan hulle eie huise en omstandighede in die NT geëggo word in die woorde van die Here Jesus: *“Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”* (Matt. 6:33). Vir die OT gemeenskap in Haggai se tyd was die fokus op die tempel, die plek waar die geloofsgemeenskap die Here gedien het. Vir die NT gemeenskap, sowel as die Christelike gemeenskap deur die eeue daarna, is die fokus op die koninkryk van God wat in die wêreld moet kom, oral waar die Here gedien móét word. Ons fokus is dus nie op ‘n plek, die kerkgebou, nie, maar op die mense wat die boodskap van die Here moet hoor.

Vir die OT gelowiges het die Here seën belowe as hulle prioriteite reg ingestel is om te fokus op die teenwoordigheid van die Here in die tempel van Jerusalem. Vir die NT gelowiges belowe die Here sy seën as deel van hulle fokus op die teenwoordigheid van die Here tot in die uithoeke van die wêreld. Ons is geroep om getuies te wees nie net in Jerusalem nie, maar ook in Judea, en Samaria en waar daar ook al mense tot aan die eindes van die wêreld is (Hand. 1:8). Laat ons dit inderdaad dan ook nou doen!